

Tegniek 2

By hierdie tegniek word lae botsels op die stam ontwikkel. 'n Dun takkie word sodoende gevorm. Hierdie takkie word afgebuig en die punt word in die grond ingeplant. Met verloop van tyd skiet hierdie takkie wortels in die grond. In geval van Wortel-oor-rots styl (Sekijoju) kan die takkie teen die rots vasgebind word en later vasheg soos 'n wortel. 'n Moontlike bonus van hierdie metode is as die lae takkie wat in die grond wortels geskiet het, op sy beurt weer onder begin bot en takkies maak wat na boontoe gelei kan word.



(Hierdie artikel is geskryf en sketse gemaak deur Adriaan Engelbrecht na aanleiding van beide tegnieke wat deur Oom Theuns Roos met sukses op Ficus natalensis toegepas is.)

DIE MAAK VAN STEGGIES

ADRIAAN ENGELBRECHT

Om goeie steggies te kan maak, moet 'n geskikte moederplant gevind word. Die voordeel van steggies bo saad is juis daarin geleë dat die steggie oor dieselfde eienskappe beskik as die moederplant. 'n Moederplant met goeie eienskappe ten opsigte van byvoorbeeld blaargrootte en fyngroei word gesoek.

Die moederplant moet sterk groei. 'n Swak groeiende moederplant sal aanleiding gee tot swak steggies en heelwat steggies wat nie groei nie. Indien die moederplant 'n groot boom is kan daar hardehout steggies (groei van vorige seisoene) of sagtehout steggies geneem word (groei van die huidige seisoen). Die beste tyd vir die neem van steggies is in die Lente en Somer. Beter resultate word verkry indien die weer vogtig is, voor of na reën.

'n Los grondmengsel bestaande uit slegs skoon riviersand of gelyke dele skoon riviersand en kompos, word voorberei. Vermikuliet kan ook gebruik word. Watter mengsel ook al gebruik word, dit is belangrik dat die mengsel goed dreineer. In 'n los mengsel kan die steggies ook makliker wortels skiet.

Verskeie moontlike snitte kan oorweeg word vir beter wortelgroei. Die snit kan bloot plat wees en moontlik aanleiding gee tot wortels in alle rigtings om die stammetjie. Die moontlikheid van 'n "V" tipe snit kan ook oorweeg word. 'n Ander moontlikheid is om die stammetjie onder in vier kwarte te sny en 'n klein klippie daarbinne te plaas. Hierdeur word die stam onder effens uitgedruk en word "taper" verbeter.